NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Kontak ons by** tel 012-440 6525; e-pos: hermien@noordsin.co.za of kom **besoek ons by** Sinodehuis, Steve Bikostraat 125 (B), Sunnyside.
- **Webblad:** www.noordsin.co.za; **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  - **Badseloop**: *Vir besprekings, kontak* ***Franscois Genis****, 071 777 9302, epos badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys (AcaDeo)**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg:** ***Willem Rautenbach*** *- 0717916039 of magaliesbergjeugkamp@gmail.com of Facebook by https://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

11 Mei 2018
Nr 15/2018

Warm nuus!

Het jy al ons nuwe webblad besoek?

Ons sinode se **nuwe** webblad is nou "lewendig" en is beskikbaar op **www.noordsin.co.za**
Teken asseblief die adres aan!
Belangrik: Die vorige webblad adres: *ngk-ntvl.com* is gekanselleer!

VONKK-Opedag 2018

Alle leraars, orreliste, musiekleiers, aanbiddingsleiers en ander belangstellendes - **Kom leer die A tot Z van VONKK en ons musiek!**
Datum: ***9 Junie 2018*** om 08:30
Plek: Ned Herv Kerk Pretoria-Oos [Delyweg 100, Waterkloof-park, Pretoria.
VBO punte: sal gereël word vir die leraars wat die geleentheid bywoon.
Vir die program en inskrywingsvorm: Kliek hier
Sluitingsdatum vir inskrywings: *31 Mei 2018*

Sinodale nuus

Taakspan Mentoraat

Persone wat graag op die taakspan sou wou dien is welkom om vir **Derick du Toit** (taakspanleier) by 082 958 0473 of derick@ngv.co.za te kontak.

Bybel-lees met 'n verskil

Die **volgende byeenkoms** vind op **15 Mei 2018** om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas.
Skriflesing: Handelinge 2:1-21

Navrae: Fanie Cronje (083 415 1452) en Kobus Myburgh (083 227 7185)

❖ **SURVIVORKAMP** : **Vir alle graad 8 en 9's (Badseloop)**

Datum: **Maandag 25 Junie - Vrydag 29 Junie 2018**

Die Noordelike Sinode - Ring van Pietpotgietersrus bied aan 'n **SURVIVORKAMP** vir alle Graad 8 en 9 leerlinge,te BADSELOOP (± 13 km suid van Naboomspruit (Mookgopong). Dis 'n avontuur-ervaring, waar ons jongmense net deur dinge wat hul ervaar en doen, meer van hulself en hul talente leer.
Bekende leraars van die Ned. Geref. Kerk wat goed onderlê is, jonk van hart is en die Graad 8/9 kind baie goed ken, tree op as Geestelike leiers. Ons gebruik net ons beste en bekwaamste mense om die kamp vir elke jongmens onvergeetlik te maak.
Die koste vir die kamp beloop R700 per persoon.
Navrae: Skakel gerus die kampleier ds Jacques Erasmus [072 653 9845; Epos: ds.jacques.erasmus@gmail.com]
LW Inskrywingsvorms is beskikbaar by Me Anita Hurn [015 491 3537; E-pos admin@ngpottiessuid.org.za

---

Ons het ook plek vir 'n klompie jongmense (Matrieks / Studente) om as **"PERSONEEL**" saam te kamp.
Ons personeel kamp vanaf: **Saterdag 23 Junie 2018 om 09:00 - Vrydag 29 Junie 2018** saam.
LW Die bywoning van die Personeelopleidingsnaweek is VERPLIGTEND en vind op *23-24 Junie 2018* plaas.
Die **koste vir die kamp vir Personeel** beloop **R700** per persoon.

Kolleganuus

❖ **Verjaarsdagwense** Hartlik geluk aan die volgende persone met die herdenking van hul geboortedag:

15/05 Sors Geldenhuys [Emeritus, 083 540 7220, sors@lewensverryking.co.za]
16/05 Mattie Beukes [Chipinge ea, 00263 773 000 294, mbeukes@bsatt.com]
17/05 Danie J van Rensburg [Jan Niemandpark, 083 289 1869, danievr@lantic.net]
Ronel Meylahn [Universiteitsoord, 082 857 5752, rmeylahn@lantic.net]
Nadine van Eeden [Waverley, 079 576 1890, nadine.vaneeden@ngwaverley.co.za]

****

13/05 Antje du Plessis [Brits, 073 587 4923, antjeduplessis@gmail.com
14/05 Debbie Erasmus [Hulp en Hoop, 015-491 3539, ds.jacques.erasmus@gmail.com]
17/05 Ansa Ungerer [Raslouw, 012-654 3121, dewyku@iafrica.com]
18/05 Renate Nel [Waverley, 012-332 4423, attie@ngwaverley.co.za]
19/05 Rita Albrecht [Queenswood, 012-333 8944, karel.albrecht@gmail.com]

❖ **Bestmed**
Verkiesing van Raad van Trustees
Elke Bestmed-lid het 'n skrywe vanaf Bestmed ontvang insake die verkiesing vir die nuwe Raad van Trustees. Stemming kan tot op Maandag ***28 Mei 2018*** om 12:00 geskied. [Lees hier meer...]
Vir enige navrae, kontak Bestmed by 012 429 0505 / bestmedelection2018@za.pwc.com.

Gemeente nuus

❖ **Verjaarsdae: Baie geluk!**
Kadoma [Gestig: 15/05/1943]
Monumentpark-Wes [Gestig: 18/05/1983]

❖ **Mootvallei:** **Wynveiling**
Datum: ***25 Mei 2018*** om 19:00
Driegang maaltyd sal gedurende die veiling aangebied word teen R150 per persoon.
Navrae: 012-335 0611 – h/v Louis Trichardtstraat en Morganlaan, Parktown, Pretoria

Ander nuus

❖ **Boodskap uit Japan**
Met die oog op Pinkster stuur Stéphan van der Watt van Missie Japan, hierdie video (korter as 4 min) as 'n getuienisboodskap uit Japan - **kliek hier**.

❖ **Oostelike Sinode bied aan: Herfskonferensie vir die vroue**
Datum en plek: Saterdag, ***19 Mei 2018*** by Skuilkrans plaas.
Spreker: Michiel van der Merwe
Tema: "*Waag dit om te Lewe*"
Program: Lees hier meer oor die spreker asook die program van die dag.
RSVP asseblief vóór of op *11 Mei 2018*

❖ **Nuusbriewe**
- **Bybel-Media nuus** [Besoek www.bybelmedia.org.za]
  Lees in hierdie nuusbrief meer oor die inhoud van die *Kerkbode van 4 Mei* asook die *Junie uitgawe van die Lig*…
- **CLF-nuus:**
  Naamdraers van Jesus – Wellington se donkies [Lees die artikel hier]

  Pinksterpreke 2018
  Die preke vir Pinkster (10–20 Mei 2018) is gereed om afgelaai te word vanaf CLF se webtuiste, onder 'Downloads'.
  https://www.clf.co.za/downloads/week-of-prayer-pentecost
  Kontak CLF by +2721 873 6964, epos info@clf.co.za of besoek ons webwerf www.clf.co.za.

Gebedslys

*Hiermee **'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers** om enige **sake vir voorbidding** aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.*

- Pinkster
- Dankie vir ons elkeen se ma [Moedersdag, 13 Mei 2018]
- Dink aan mense op straat wat 'n koue winter in die gesig staar…

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

❖ **UP Fakulteit Teologie**: **Gelegitimeerde proponente 2017**
- ***Jeanri Bezuidenhout*** [074 893 2836, jeanri.bez@gmail.com]
- ***Camille Castelyn*** [079 506 5117, camillecastelyn@gmail.com]
- ***Werner Smal*** [079 883 2729, wernersmal777@gmail.com]

❖ **Ander gelegitimeerdes wat beskikbaar is om eredienste te lei**

Gerhard Bothma *[082 412 3479, gerhard@drgerhardbothma.co.za]*

- **Vakatures in Kerkbode geadverteer**
  Besoek: *http://kerkbode.christians.co.za/category/vakatures/*

Ten slotte

BYLAES

CLF NUUS

Bekendstelling van die "Naamdraers van Jesus - Wellington se donkies"

Die boekbekendstelling van die "*Naamdraers van Jesus - Wellington se donkies"* het op 18 April op Stilbaai plaasgevind. Sendelinge, alumni en hul families het die geleentheid bygewoon.

Vir dekades al word na hulle as die Donkies van Wellington verwys. Vir die sendingstudente was en is dit ’n erenaam. Die ontstaan van die naam Donkie vir ’n sendingstudent aan die destydse Wellingtonse Sendinginstituut kom uit die beginjare van die “Boeren Zending School”. By die opening van die skool in 1903 het prof. John Murray onder andere van die studente gesê dat hulle “zich aanbieden zullen om den naam van Christus te dragen voor de heidenen in ver verwijderde deelen van Afrika.” Toe die Wellingtonse sendingstudente daarna aan ’n naam begin dink, het dr. Andrew Murray met die naam “Donkie” vorendag gekom na aanleiding van Jesus se intog in Jerusalem op die rug van ’n donkie. So sou die donkie die sendeling as draer van Jesus se naam en die evangelie voorstel.

Bygewoon deur vele alumni van die Sendinginstituut van Wellington, het die *Donkies* die bekendstelling van die boek gevier. Dit was voorwaar 'n besondere en emosionele geleentheid toe die publikasie van bykans 600 bladsye aan die samesteller, Dr Pieter Binlge, oorhandig is.

"Naamdraers van Jesus" vertel die verhaal van die 567 Donkies wat in die loop van 85 jaar by die Sendinginstituut gestudeer het. Hulle het die naam van Christus en die evangelie oor grense heen met ongeëwenaarde ywer gedra. In die kerkgeskiedenis sal hulle altyd bekendstaan as die toegewyde naamdraers van Jesus.

Hierdie sendelinge was die “opvolgers” van die donkie wat deur GK Chesterton in sy gedig “The Donkey” beskryf word. Hy sê 'n donkie is lelik en lui: “With a monstrous head and sickening cry, and ears like errand wings.” Eintlik is die donkie 'n bespotting van die diereryk. Maar in die laaste strofe skryf Chesterton: “Fools! For I also had my hour; One far fierced hour and sweet. There was a shout around my ears and palms at my feet.”

Die Donkies word al hoe minder en ouer. Op Stilbaai was dit sigbaar. Die tekens van 'n lewe en werk in diens van hul Meester is op hul ouerwordende gesigte en in die stap te sien. Maar die passie om Donkie te wees is onmisbaar nog daar. Die opgewonde vertellings en herinnerings van vervloë dae bring 'n energie. Die Donkies se verhale is van die mooiste verhale in die kerk.

Terug

BYBEL-MEDIA NUUS
8/2018

Lees in die Kerkbode van 4 Mei ...

.....die verhaal van ’n gewese NG dominee wat sport gebruik om jong mense te bereik.
Lees ook hoedat ’n Bybelse tuin ingespan word om die boodskap van die evangelie tuis te bring.
Lesers kan vir prof Louis Jonker, wenner van die Andrew Murray-Desmond Tutu-prys beter leer ken.
Daar is ook bydraes wat van verskillende kante af na missionaliteit kyk.
Lees oor die Protestantse Kerk in Nederland wat worstel met die vraag of die kerk te wit is, en oor die Sielkundigevereniging van Suid-Afrika se nuwe riglyne vir sieklkundiges om met gay en ander seksueel diverse mense te werk.

Lees in die Junie-uitgawe van LiG ...

.....waar Nadine Blom vertel hoe sy besef het dat God lief is vir stukkende mense.
Skrywer en skilder, Carina Stander, vertel ook hoe haar ouers haar andersheid gevier het.
Ons leer oor wat die Bybel oor die hemel sê? En vind uit wat God ons oor pa-wees leer.
Ons gee ook raad as jou geliefde aan Alzheimersiekte ly. En gesels met 60-plussers wat die lewe aangryp en vier!
LiG gesels met kenners en ouers oor huiswerk op laerskool – is dit die moeite werd? Ons gee raad oor hoe om kreatiewe kinders groot te maak (hulle presteer beter!) en sien hoe #imagine jonges laat droom en dien.
LiG – vir jou en jou mense.
Om nog van LiG se puik Christelike inhoud te lees, besoek www.lig.co.za

Jongste Bybelkor-publikasie

Mosaïek van Maria - Lisel Joubert

Lisel Joubert vertel sy wou al lankal 'n boek oor Maria skryf. Om verskeie redes: Sy is Jesus se ma, maar ook 'n doodgewone meisie wat deur 'n engel verras is. Sy is die vrou in die Jesusverhaal. Sy was nog altyd vir baie mense 'n ware toonbeeld van geloof. Natuurlik dra sy ook 'n stukkie gevaar in haar.

Ons ervaring is dat Maria die hele tyd in die agtergrond ís, maar dat niemand oor haar praat nie. Hoekom nie? Miskien oor die vrees dat sy dieselfde rol as heiliges in die Katolieke tradisies sal inneem.

Die grootste rede waarom Lisel Joubert oor Maria wou skryf, was egter haar nuuskierigheid. Sy wou verstaan wat met Maria gebeur het en sy wou weet wat Maria vandag vir ons oor God kan leer. Want Maria se verhaal gee ons inderdaad meer begrip van wie God is.

In hierdie boek gee sy dan vir haar lesers verskeie blikke op Maria. In die proses word daar vir ons nuwe moontlikhede en vars insigte gebore. En gebore is die woord wat alle gelowiges oor die hele spektrum van geloofstradisies aan Maria sal koppel.

Want uit haar is ons Verlosser, Jesus Christus, gebore.
KLIK HIER om die produk te koop

Skrywer: Lisel Joubert is 'n teoloog en predikant in die NG gemeente Gansbaai. Sy het 'n doktorsgraad in Ou Testament verwerf. Haar passie is om mense te leer hoe om die Bybel beter te verstaan en om hulle bekend te stel aan die ryk geskiedenis van die Christelike tradisie.

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

- Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
- Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za, klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.

Terug

Bestmed: Verkiesing van Raad van Trustees

Elke Bestmed-lid het 'n skrywe vanaf Bestmed ontvang insake die verkiesing vir die nuwe Raad van Trustees.

Ds. JH (Hannes) Windell van die gemeente Sonhoogte in Germiston is tans die vier Sinodes van die ou Transvaal se verteenwoordiger. Hy is weer genomineer as die enigste kandidaat namens die **Werkgewersgroep: NG Kerk van Transvaal** en dit sal goed wees indien ons weer 'n verteenwoordiger daar kan hê.

Stemming kan tot op Maandag 28 Mei 2018 om 12:00 geskied.

Bestmed het by navraag die volgende bevestig:

1. Price Waterhouse Cooper (PwC) hanteer die verkiesing namens Bestmed.
2. Bestmed lede wat 'n e-pos adres het, sou op 20 April 2018 'n e-pos van PwC ontvang het met 'n skakel, wat u moet volg om u elektroniese stem te kan uitbring.
3. Bestmed lede wat nie 'n e-pos adres het nie, sal die stembrief per pos ontvang. U moet dan die voltooide stembrief soos volg terugstuur aan PwC:

> Only **original** Ballot papers will be considered. **No copies, faxed or e-mailed documents** will be accepted and, if received, will be deemed to be invalid. Completed Ballot papers must either be physically delivered (option 1) or posted (option 2) as follows:
>
> **Option 1**: Completed Ballot papers must be physically delivered to the Electoral Body by **12h00 (noon) on 28 May 2018**, at any of the PwC offices at the following physical addresses:
>
> · PwC Bloemfontein, 61 Second Avenue, Westdene, Bloemfontein
> · PwC Cape Town, 5 Silo Square, V&A Waterfront, Cape Town
> · PwC Durban, 34 Richefond Circle, Ridgeside Office Park, Umhlanga Ridge, Durban
> · PwC East London, Acacia House, Palm Square Business Park, Bonza Bay Road, Beacon Bay, East London

· PwC eMalahleni (Witbank), Ground Floor WCMAS Building, corner of OR Tambo and Susanna Streets, eMalahleni
· PwC Gauteng, 4 Lisbon Lane, Waterfall City, Jukskei View
· PwC Kimberley, Roylglen Office Park, PwC Building, corner of Welgevonden Avenue and Memorial Road, Kimberley
· PwC Lichtenburg, Marnel Building, corner of Stoltz and Bantjies Streets, Lichtenburg
· PwC Mahikeng, 32 Jones Close, Leopard Park, Mmabatho, Mahikeng
· PwC Middelburg, 11 Dolerite Crescent, Suite D, Middelburg
· PwC Nelspruit, Block 5, Riverside Office Park, Aqua Street Nelspruit, Mbombela
· PwC Paarl, PwC Building, Zomerlust Estate, Berg River Boulevard, Paarl
· PwC Pietermaritzburg, Block C, 21 Cascades Crescent, Cascades, Pietermaritzburg
· PwC Port Elizabeth, PwC Building, Ascot Office Park, 1 Ascot Road, Port Elizabeth
· PwC Robertson, 3 Church Street, Robertson
· PwC Secunda, Kiewiet Office Park, Block A, corner of Kiewiet and Walter Sisulu Streets, Secunda
· PwC Stellenbosch, Capital Place, 15-21 Neutron Avenue, Technopark, Stellenbosch
· PwC Welkom, Nedbank Building, 2nd Floor, Suite 204, 10 Ryk Street, Welkom or
· PwC Worcester, corner of Mountain Mill and Eastlake Roads, Worcester

The abovementioned PwC offices will only be open between **08h00 and 16h30, Mondays to Fridays excluding Saturdays, Sundays and public holidays**.

Option 2: Completed Ballot papers must be posted to **Private Bag x100, Menlo Park, 0102** using the self-addressed return envelope which is included in this electoral pack, and must reach the Electoral Body by no later than **12h00 (noon) on 28 May 2018**.

Vir enige navrae, kontak Bestmed by 012 429 0505 / bestmedelection2018@za.pwc.com

Terug